

HOOFSTUK V.

ONDERWYS ONDER SELFBESTUUR, 1906 - 1910.

1. Die nuwe Onderwyswet van 1907.

Op 6 Desember 1906 is selfbestuur aan die Transvaal toegeken. Tot minister van onderwys is benoem generaal J.C. Smuts, wat n nuwe wet vir die onderwys opgestel het. Hierdie Wet, no.25 van 1907, sou op 1 Oktober 1907 van krag word en is tans nog die geldende wet op onderwysgebied. Dit is as wet deur baie mense hartlik verwelkom maar deur n kleiner groep harts-togtelik bestry¹⁾.

Die Wet is in sy grondgedagtes n voortbouing op die beginsels van lord Selborne, en daarin juis lê die besware van die teenstanders. Dit handhaaf die Britse onderwysbeginsel van openbare onderwys en verwerp die Afrikaanse beginsel van C.N. onderwys en wel ten opsigte van die grondreg van die ouers om die gees en rigting van die onderwys op skool te bepaal en om die onderwyser vir die onderwys van hulle kinders aan te wys en ook ten opsigte van die fundamentele eise van die Afrikaanssprekende bevolking betreffende die taal- en die godsdiensonderwys²⁾.

2. Die skoolraad van Wolmaransstad en sentralisasie in die onderwys.

a. Instelling van die eerste Skoolraad van Wolmaransstad.

Die instelling van adviserende skoolrade is deur lord Selborne sterk bepleit, omdat hy oortuig was dat die skoolkommissies hulle werk met groot belangstel-

1. Coetzee: Onderwys in Transvaal 1838-1937, 98.
2. Ibid., 98-99.

ling uitgevoer het en daarvoor verantwoordelik was dat daar n gees van samewerking ontstaan het tussen die kommissies, ouers en die Departement van Onderwys. Hy wou sy stelsel verder bestendig deur in die groter distrikte adviserende skoolrade in die lewe te roep. Die Wolmaransstadse distrik het in dieselfde jaar n adviserende skoolraad gekry¹⁾. Die eerste vergadering van die Wolmaransstadse Adviserende Skoolraad het plaasgevind te Bloemhof op Dinsdag 26 Augustus 1906 met die volgende persone as lede²⁾:

J.Blacklock (voorsitter), W.H. Hambly (sekretaris), A.R.M.Hull, McEvoy, Reeves, T.Leask, Erlank, Campbell, Einkamer, Stirling en Hamilton.

In sy rapport oor die jaar Julie 1906 - Junie 1907 erken die inspekteur dat hy pessimisties was oor die funksionering van die skoolraad. Groot administratiewe werk moes deur die drie skoolraadsekretarisse verrig word. Die lede van die Wolmaransstadse Skoolraad, wat besonder baie tyd en aandag aan hulle taak gewy het, word spesiaal deur hom genoem. Baie van hierdie lede het meer as 70 myl afgelê om vergaderings van die Raad by te woon³⁾. Hy ag dit besonder gelukkig dat die voorsitter die distriksmagistraat is. Hy kon egter nie met dieselfde oortuiging spreek oor die werk van die skoolkommissies nie. In party dorpe het n nougesette gees geheers, sodat kritiek op en inmenging in die persoonlike vryheid van die onderwyser voorgekom het⁴⁾.

Die Smuts-wet van 1 Oktober 1907 het voortgebou op die van lord Selborne, en skoolrade is nou permanent ingestel⁵⁾. Die Wet het voorsiening gemaak dat skool-

1. T.E.D.: Report for the year ended June, 1906, 22.
2. Notule van die Wolmaransstadse Adviserende Skoolraad, d.d. 26 Aug. 1906 en 30 Jan. 1907. Die meeste lede se voorletters verskyn nie in die notule nie.
3. T.E.D.: Report for the year ended June, 1907, 59.
4. Idem.
5. Coetzee: Onderwys in Transvaal 1838-1937, 98.

rade sal bestaan uit 6, 9 of 12 lede, van wie een-
derde deur die Goewerneur aangestel en die res ver-
kies sal word deur stemgeregtigde inwoners van die
betrokke distrik. Die algemene magte van die skool-
raad sluit in: algemene toesig oor alle openbare
skole, klasse en inrigtings binne sy distrik; advies
met betrekking tot die voorsiening van skole in die
distrik; die ontvangs en behandeling van aansoeke
om toekennings aan plaasskole; die beheer oor skool-
eiendomme; die administrasie van sekere fondse; die
oorweging van sake voorgelê deur die skoolkommissies
en beherende liggame; die opstel van verslae en die
aanhou van registers en rekenings; die aanbeveling
van onderwysers vir aanstelling deur die Direkteur¹⁾.

Die eerste Skoolraad van Wolmaransstad aangestel
in terme van die Smuts-wet, het op 7 Januarie 1908
vergader en was soos volg saamgestel: Ds. E.J.J. van
der Horst (voorsitter), H.W.R. Kluever (sekretaris),
met genl. Du Toit, L.E.L. Mussmann, C. Brink, T. Leask,
M. van Rensburg, ds. G.F.C. Faustman, Jan Greyling en
Theo Potgieter as lede²⁾. Die Direkteur van Onderwys
het getuig dat hy baie tevrede was oor die manier
waarop die 26 skoolrade saamgestel is, aangesien in
22 gevalle geen verkiesing nodig was nie - n teken
dat daar onderlinge goeie vertroue tussen die twee
bevolkingsgroepe bestaan het en n gees van diens en
offervardigheid teenoor die onderwys geopenbaar is³⁾.

b. Sentralisasiebeleid.

Die skoolraad het van die begin af die beleid
van sentralisasie aanvaar om die probleem van die

-
1. Coetzee: Onderwys in Transvaal 1838-1937, 103.
 2. Notule Wolmaransstadse Skoolraad, d.d. 7 Jan. 1908.
 3. T.E.D.: Report for the year ended June, 1908, 10.

onderwys in die dunbevolkte distrik enigsins die hoof te kon bied¹⁾. Die eerste skoolraadskonferensie het plaasgevind op 30 September 1 en 2 Oktober 1908 op Pretoria. Die afgevaardigdes van die Wolmaransstadse Raad, di. Van der Horst en Faustman, het hier voorgestel dat die beginsel van sentralisasie deur die konferensie as beleid aanvaar moet word²⁾. Die probleem is deeglik bespreek, en die mosie is met 41 teen 9 stemme aangeneem. n Voorstel wat die minimum van die publieke skool wil verlaag van 25 na 20 en in die geval van n privaatskool van 10 na 6, is verwerp. Dit is genoegsame bewys dat die beleid "of bringing education to the doors of all" plek moes maak vir die beleid van sentralisasie³⁾.

In sy rapport in 1909 meld inspekteur J.P.Botha dat skoolrade in sy kring die neiging tot sentralisasie van skole toon maar dat daar nog nie veel bereik is nie. Die Wolmaransstadse Raad het egter die saak verder gevoer as die ander rade en reeds by wys van n eksperiment n daaglikse vervoerskema deur middel van n mulwa ingestel waardeur die leerlinge op Leeuwfontein en Rooipoort aangery is om n sentrale skool op die dorp op te bou⁴⁾. Die Skoolraad was van plan om die stelsel uit te brei na ander dele en skole indien die middele dit toelaat. Die inspekteur het egter die sukses van vervoerskemas in twyfel getrek en was ten gunste van die oprigting van koshuise, maar dan moes aansienlik hoër toelaes vir die doel deur die Regering beskikbaar gestel word, omdat dit n veel duurder onderneming sou wees. Na sy oordeel kon op die volgende

-
1. Notule Wolmaransstadse Skoolraad, 5 Aug.1908, 7; kyk ook 21.
 2. T.E.D.:Report for the year ended June, 1909.
Appendix 1, 167.
 3. T.E.D.:Report for the year ended June, 1909, 12.
Notule Wolmaransstadse Skoolraad, 27.4.1909, 15-16.
 4. T.E.D.:Report for the year ended June, 1909, 82.

plekke met sukses gesentraliseer word¹⁾:

- (i) Klipfontein en Kareeboschkuil te Kareeboschkuil;
- (ii) Harrisburg, Diepkuil en Wildebeestkantoor (wat spoedig geopen sou word) te Wildebeestkantoor;
- (iii) Katboschfontein na Welverdiend;
- (iv) Bezuidenhoutskraal en Makwassie te Makwassie;
- (v) Witpoort en Rietvallei te Witpoort.

Teen 1910 was die donkie die geliefkoosde trek-dier om kinders na die skole te vervoer. Die inspekteur het melding gemaak van die groot vordering wat die Skoolraad gemaak het om vervoer te verskaf. In baie gevalle is voorkeur verleen aan die verskaffing van donkies bo die betaling van losiesbeurse²⁾. Sy entoesiasme vir sentralisasie het verminder, omdat hy die stelsel van verskaffing van vervoer nou meer veroordeel het as in die vorige jaar. Dit was onmenslik om van kinders te verwag om elke dag sewe myl heen en weer te ry met lui donkies en so dikwels onder ongunstige weerstoestande. Die wesenlike gevaar van die skema was dat dit te ver deurgevoer kon word en tot nadeel van die kind³⁾.

Die Direkteur van Onderwys het hom in 1909 soos volg uitgespreek: "Every way of considering the country school problem leads to the same conclusion. We must centralize our forces, or be content with a very low standard of education"⁴⁾.

1. T.E.D.: Report for the year ended June, 1909, 82.
2. T.E.D.: Report for the year ended June, 1910, 112.
3. Ibid., 1911, 58.
4. Ibid., 1909, 22.

Die toekoms van die plattelandse onderwys het afgehang van die sukses waarmee gesentraliseer kon word¹⁾. Die grootste voordeel van sentralisasie het daarin gelê dat die leerlinge in 'n groter skool beter geklassifiseer kan word en dus makliker en deegliker onderrig kan word as wat die geval is in 'n eenmanskool, waar een onderwyser alle kinders in alle standerds gelyktydig moet besig hou. Sentralisasie het die verdere voordeel dat dit 'n meer permanente karakter aan die onderwysende personeel gee en ook intellektuele kameraadskap en wisseling van gedagtes tussen die onderwysers moontlik maak²⁾.

3. Godsdiensoonderrig op skool, 1906-1910.

a. Bepalings van die Smuts-wet van 1907.

Hoofstuk VII van die Wet, wat oor godsdiensoonderrig op skool handel, kan soos volg saamgevat word³⁾:

- (1) In elke openbare skool moet die skooldag geopen word met gebed en die lees van 'n gedeelte uit die Bybel.
- (2) Nie-verpligte onderrig in Bybelse Geskiedenis moet binne die eerste halfuur van elke skooldag gegee word deur 'n onderwyser op die personeel van die skool.
- (3) Geen leer of dogma eie aan enige godsdienstige gemeente of sekte mag onderwys word nie.
- (4) Onderwysers is verplig om die nodige godsdiensoonderrig te gee soos voorgeskryf, tensy hulle spesiaal deur die Direkteur daarvan vrygestel word.

1. T. E. D.: Report for the year ended 30th June, 1910, 24.
2. Ibid., 1910, 24.
3. T. E. D.: Report for the year ended 30th June, 1907, Appendix 1, 137-138.

b. Toepassing van die Smuts-wet op die onderwys.

Die Direkteur van Onderwys het die verkeerde opvatting wat by sommiges bestaan het, nl. dat die Wet oor hierdie belangrike saak n kompromis wou teweegbring, weerlê en sy standpunt verduidelik dat n gesonde beginsel wat vir die kerk, skool en staat aanneemlik was, bevestig word¹⁾. Aan die ouer is die reg verleen om sy kind aan die lesse te onttrek indien hy van oordeel was dat dit tot nadeel van sy geloofsoortuiging sou wees; die onderwyser is geregtig om vrygestel te word om die onderrig te moet gee, terwyl die Staat verseker was dat daar n minimum van wrywing sou wees by die uitvoering van die bepalings van die Wet. Godsdiensonderwys op skool kon nou sonder vooroordeel gegee word.

4. Die taalvraagstuk op skool, 1906 - 1910.

a. Bepalings van die Smuts-wet van 1907.

Oor die essensiële vraagstuk van taal en medium van onderrig het die nuwe wet soos volg bepaal²⁾:

(1) Die voertaal van die onderwys in die laer klasse sal die moedertaal wees, terwyl Engels as tweede taal gedeeltelik ingevoer sal word. Kennis van en vordering in die Engelse taal sal n voorwaarde wees vir oorplasing in die openbare skool.

(2) Hollands sal aan elke kind op n openbare skool onderwys word, tensy die ouers van so n kind anders verlang. Na die voltooiing van die kursus vir standaard drie mag Hollands as medium in nie meer as twee vakke gebruik word nie, terwyl Engels dan verpligtend sal wees.

1. T.E.D.: Report for the year ended 30th June, 1907, 4.

2. Ibid., Appendix 1, 136.

(3) Appél teen die besluit van n skoolbestuur insake die medium van onderwys kan aangeteken word by die Minister.

b. Praktiese uitwerking van die bepalings.

Hoewel hierdie taalklousules n sterk poging van die Regering was om die feite tot hulle beskikking te verenig ~~met~~ die ideaal wat opvoeding ten doel het, tog het dit in die praktyk nie so maklik gegaan nie. By die uitvoering van die beleid is dit al gou opgemerk dat dit onbillik was om die kennis van en vordering in Engels as n voorwaarde te stel vir bevordering van leerlinge **terwyl dieselfde nie ook vir Hollands geld nie.** Tydens die eerste skoolraadskonferensie is hierdie wanpraktyk gewysig op voorstel van die afgevaardigdes van die Wolmaransstadse Skoolraad¹⁾. Die volgende voorstel van di. Van der Horst en Faustman is met twee teenstemme aanvaar: "Waar die onderwyswet Engelssprekende kinders toelaat om na n hoër klas bevorder te word sonder kennis van Hollands, moet dieselfde voorreg ook gegee word aan Hollandssprekende kinders met betrekking tot hulle kennis van Engels".

Die tweede probleem wat hom in die praktyk voorge doen het, was die beginsel van tweetaligheid van onderwysers. Die Hollandssprekende ouers was nie bereid om n eentalige Engelssprekende onderwyser aan die hoof van hulle skool te hê nie. Weer was dit oorgelaat aan die afgevaardigdes van die Wolmaransstadse Skoolraad om op die eerste skoolraadskonferensie die saak in orde te bring deur die volgende mosie in te dien, wat eenparig aanvaar is: "Hierdie konferensie is van oordeel dat hoofde van skole in Hollandssprekende distrikte die

1. T.E.D.: Report for the year ended 30th June, 1909,
Appendix 1, 170.

Notule Wolmaransstadse Skoolraad, 5 Aug.1908, 22-23.

Hollandse taal as voertaal magtig moet wees"¹⁾.

In sy verslag Junie 1909 kla inspekteur Botha daaroor dat onderwysers nie uitvoering gee aan die opdragte van die sirkulêre oor taalonderrig nie. Party het geen kennis van die inhoud gedra nie, terwyl andere onder die indruk verkeer het dat die voorskrifte in elk geval nie uitgevoer hoef te word nie. In verskeie Hollandse skole in die Wolmaransstadse kring is Engelse leesonderrig reeds in die grade gegee, met die gevolg dat die lees in albei tale swak was. In ander gevalle het die leerlinge so min Engels gehoor dat hulle die eenvoudigste woordjies nie kon herken nie²⁾.

5. Die C.N.O.-beweging 1906 - 1910.

Die toekenning van Verantwoordelike Bestuur aan die Transvaal in 1907 het n baie duidelike uitwerking gehad op die voortbestaan van die C.N.O.-skole. Generaal Smuts het as Minister van Onderwys die land deurreis om die mense te oortuig dat sy nuwe onderwyswet so opgestel sou word om ook die aspirasies van die voorstanders van C.N.O.-skole te beliggaam. Die verantwoordelikheid vir salarisse van onderwysers en vir die huur van geboue is deur die Regering oorgeneem. Die ouers sou hulle seggenskap bly uitoefen deur middel van skoolrade en skoolkommissies.

Reeds op die C.N.O.-kongres van 1906 het hy dieselfde pleidooi gelewer. Sy invloed was toe reeds so sterk dat die voorstel om die organisasie te ontbind byna deurgegaan het³⁾. Die saad was gesaai, en baie skole het hulle begin oorgee aan die Regering weens gebrek aan middele en n verflouing van entoesiasme. Die

-
1. T.E.D.: Report for the year ended 30th June, 1909, Appendix 1, 170.
Notule Wolmaransstadse Skoolraad, 5 Aug. 1909, 22-23.
 2. T.E.D.: Report for the year ended 30th June, 1909, 85.
 3. Coetzee: Onderwys in Transvaal 1838-1937, 119.

enigste C.N.O.-skool wat in die Wolmaransstadse distrik gedurende hierdie periode nog bestaan het, was die een op die dorp. Op 28 Julie 1906 het 'n informele samepreking tussen die skoolkommissies van die C.N.O.- en staatskool plaasgevind met die doel om tot 'n ooreenkoms te geraak insake die oorpasing van die C.N.O.-skool na die staatskool¹⁾. Ds. Van der Horst het voorgestel dat die C.N.O.-skool se personeel behou word; dat die skoolkommissies ontbind word ten einde 'n nuwe kommissie saam te stel verteenwoordigende al die ouers en dat die Departement van Onderwys die finansiële verantwoordelikheid ten opsigte van salarisse en geboue onderneem. Verder word 'n bedrag van £450 van die Regering gevra om die C.N.O.-kommissie in staat te stel om die lening, wat by die N.H. of G. Kerk aangegaan is om die skool te bou, te vereffen²⁾.

Die Direkteur van Onderwys was bereid om mnr. J. L. du Preez oor te plaas as assistent, terwyl hy daarop aangedring het dat mnr. L. H. Lee hoof van die geamalgameerde skool moes bly. Die posisie van Mej. Van der Horst as C.N.O.-skoolassistent sou afhang van die getal kinders in die nuwe skool. Wat die lening betref, het hy aanbeveel dat die C.N.O.-gebou liever op aanbeveling van die Skoolraad aangekoop moes word³⁾.

Die C.N.O.-skoolkommissie was egter nie bereid om die kwessie van die hoofskap sonder meer te aanvaar soos deur die Direkteur bepaal nie, aangesien hulle van oordeel was dat die nuwe hoof tweetalig moes wees. Dit is aanbeveel dat van albei kante 'n gelyke aantal verteenwoordigers op die nuwe skoolkommissie benoem moes

1. Wolmaransstadse Laerskoolargief: Notule Skoolkommissievergadering d.d. 28.7.1906.

2. Idem.

3. Ibid: Brief van Direkteur d.d. 23.10.1906.

on dat die hoof dan deur hierdie kommissie aangewys word¹⁾. Die kommissie was verder nie by magte om die skoolgebou te verkoop nie aangesien dit in werklikheid die eiendom van die Kerk was.

Geen bevredigende oplossing kon betyds gevind word nie, sodat die C.N.O.-skool in 1907 bly bestaan het. Mnr. W. de Greeff het vanaf Januarie 1907 die hoofskap van die skool aanvaar. Op 11 April 1907 het die Direkteur die wens uitgespreek dat amalgamasie voorlopig agterweë gelaat moes word on dat die C.N.O.-skool vanaf 15 April as 'n staatskool geopen word met De Greeff as onderwyser. Volgens wet kon hy nie die verkiesing van 'n skoolkommissie soos deur ds. Van der Horst voorgestel, goedkeur nie, aangesien dit dan voor 31 Maart 1907 reeds moes plaasgevind het. Die bestaande skoolkommissie kon hy nie op daardie stadium ontbind nie²⁾.

Na verdere vrugtelose pogings om 'n verkiesing van 'n verteenwoordigende skoolkommissie te verkry is op 7 Mei 1907 'n vergadering gehou waarop besluit is dat vier van die lede sou bedank, sodat twee lede deur die C.N.O.-kommissie benoem kon word, terwyl die ander twee vakatures gevul sou word deur 'n verkiesing waarby al die ouers stemgeregtig sou wees³⁾. Die voorgestelde amalgamasie op 13 Mei is vertraag, omdat die Departement nog nie 'n finale besluit aangekondig het oor die oornome van die gebou teen 'n waardasie van £600⁴⁾.

Op 23 Julie is die C.N.O.-skool amptelik oorgeplaas na die staatskool⁵⁾ tesame met W.D. de Greeff,

-
1. Wolmaransstadse Laerskoolargief: Brief van ds. Van der Horst, d.d. 14 11.1906.
 2. Ibid: Brief van Direkteur d.d. 11.4.1907.
 3. Ibid: Brief van Lee, d.d. 7.5.1907.
 4. Ibid: Telegram aan T.O.D., 17.4.1907.
 5. Laerskooljoernaal, 23.7.1907.

wat aan die skool verbonde was tot in September 1908, toe hy prokureur geword het¹⁾.

Die bestaande skoolkommissie was soos volg saamgestel: J.C.Bornman (voorsitter), L.H.Lee (sekretaris), T.S.Leask, A.G.S.Erlank, F.W.König, J.Dunn en H.O.'Reilly²⁾. Volgens die ooreenkoms het die here König en Dunn bedank, terwyl in hulle plekke gekoöpteer is P. van Rensburg en W. Boshoff³⁾. Op 5 September het die here Leask en O'Reilly bedank om aan die ooreenkoms insake die tussenverkiesing van twee lede te voldoen, en op 16 September is ds. Van der Horst en P.C. de Villiers in hulle plek gekies⁴⁾. Aan die begin van 1910 het C.A.Winter vir Lee opgevolg as hoof van die skool⁵⁾.

Hoewel die groot poging van die Afrikanerdom om langs hierdie weg onderwys vir hulle kinders te verkry in ooreenstemming met hulle eie lewensopvatting en oortuigings in 1907 weens finansiële druk ten einde geloop het, het die C.N.O.-gedagte tog nie gesterf nie⁶⁾. Die bewuste Afrikaner glo tewens vandag nog aan die C.N.O.-beginsel. n C.N.O.-fonds, wat vandag nog bestaan, onder beheer van die Wolmaransstadse T.O.-tak, is n duidelike bewys dat die C.N.O.-stryd plaaslik n diepe inslag gevind het. Pogings word tans ook aangewend om die gebou wat as C.N.O.-skool gedien het, tot n volksmonument verklaar te kry.

-
1. Van Zyl: Geskiedenis van Wolmaransstad, 11.
 2. Skoolkommissie Notuleboek, 1907, 11.
 3. Ibid., 18.
 4. Ibid., 20-21.
 5. T.E.D.: Report for the year ended 30th June, 1910, 349.
 6. Coetzee: Onderwys in Transvaal 1838-1937, 120.

6. Inspeksies gedurende die tydperk 1906-1910.

a. Inspeksies deur J.H. Corbett, 1906-1908.

(1) Peil van die onderwys.

Die bevinding van die inspekteur was dat die standaard van die onderwys in die dorpskool gedurende 1907 mooi vooruitgang getoon het, maar ongelukkig kon hy nie van dieselfde vordering getuig in die geval van die plaasskole nie. Die vernaamste oorsaak moet gesoek word in die feit dat hierdie leerkragte soms in 'n eenmanskool tot vier standerds moet hanteer. Hy sou graag wil hê dat die hoër klasse van hierdie klein skooltjies na die dorpskole geneem word of dat die skool ten minste 'n tweemanskool moet word¹⁾. Ouers verwag soms van die onderwyser om die kleintjies se werk te verwaarloos om te verseker dat die een of twee leerlinge in st. 6 moet slaag.

Gedurende 1908 kon die inspekteur, blykens sy rapport, in die meeste skole se joernaal die opmerking maak dat daar bevredigende onderwys gegee word²⁾. Hy was oortuig dat daar 'n goeie inspeksiestelsel bestaan het maar het in vooruitsig gestel dat onverwagte inspeksies meer dikwels sou plaasvind. Die algemene peil van die onderwys was nog veels te laag³⁾. Solank daar so baie ongekwalifiseerde onderwysers in diens is, kon dit trouens ook nie anders wees nie. Die peil van die onderwys is egter ook nadelig beïnvloed deur die ongereelde skoolbesoek. Die ouers het geglo dat die owerheid

1. T.E.D.: Report for the year ended June, 1907, 61.

2. Ibid, 1908, 82.

3. Idem.

tog nie die klousule betreffende verpligte onderwys toepas nie, en het gevolglik die kinders sonder enige vrees uit die skool gehou¹⁾.

(2) Onderrig in die skoolvakke.

Rekenkunde:

Ongunstige kritiek oor die onderrig van rekenkunde kon die inspekteur nie verswyg nie. Die kinders het veelal gebruik gemaak van die gewoonte om somme te doen deur op die vingers te tel by optel en aftrek. Die ontbinding van getalle word nie deeglik onderrig nie, met die gevolg dat die kinders later moeilikheid ondervind en die werk meganies probeer doen. Die werk in mate en gewigte word heeltemal onprakties onderwys. Die onderwyser behoort die kinders na buite te neem en prakties te demonstree. Die werk in breuke is ook swak behandel, want hoewel die leerlinge moeilike voorbeelde kon doen, het hulle nie die elementêrste kennis besit van wat breuke in werklikheid beteken nie²⁾.

Resitasies.

Die gehalte van die werk was hier so swak en die gedigte so onoordeelkundig gekies dat die inspekteur veel eerder sou wou hê dat die vak heeltemal uit die leerplan moes verdwyn³⁾. Sy ore kon dit nie hou om al die sinlose gebabbel van die leerlinge aan te hoor nie. Hy soek egter die fout by die onderwysers, wat hulle daarop moet toelê om stof te kies wat by die kind se omstandighede en omgewing aanpas. Hy erken

1. E.E.D.: Report for the year ended 30th June, 1908, 82.

2. Ibid., 1907, 61.

3. Ibid., 62.

dat hy van sy geslaagdste onderwysers in die verband op plaasskole aangetref het.

Lees.

Lees was in albei die tale heelwat beter as re-sitasies. Die vernaamste fout het nog voorgekom by die slordige en verkeerde artikulasie¹⁾. Die konsonant aan die einde van 'n woord is dikwels weggelaat. In Hollands was daar nog steeds 'n gebrek aan geskikte leesstof, aangesien die boekies wat van oorsee gekom het, onderwerpe behandel het wat geheel en al buite die ervaring van die leerlinge geval het. Gedurende 1908 het die omstandighede egter verander, want ten minste drie goeie uitgawes het verskyn, waarvan hy die boekies van Hubertus Elfers as baie geskik beskou²⁾. 'n Goeie stel Engelse leesboekies was ook nog 'n groot behoefte³⁾.

Opstel.

Engelse opstelle in die laer klasse was dikwels teen alle verwagting baie goed. Die groot probleem het nog gelê by die tye van die werkwoord. Alle tekortkomings in ag geneem, beskou die inspekteur dat die standaard deur 'n st.4-kind in die Transvaal behaal, gunstig vergelyk met dieselfde standaard in 'n laerskool in Engeland⁴⁾. Wat die opstelle in Hollands betref, was die inspekteur teleurgesteld. Daar skyn by die onderwyser en kind 'n verwarring te bestaan tussen die taal wat tuis gepraat word, en die Hooghollands wat onderrig moet word. Die enigste goeie Hollands wat die kinders in werklikheid hoor, is wanneer uit die Bybel gelees word. Dit kan dus moeilik verwag word dat

1. T.E.D.: Report for the year ended 30th June, 1907, 62.

2. Idem.

3. Ibid., 1908, 82.

4. Ibid., 1907, 63.

hulle die Hollands sal kan skrywe¹⁾.

Aardrykskunde.

Die onderrig in hierdie vak het nog veel te wense oorgelaat. Studente van die Pretoriase Normaalkollege het egter goeie gebruik gemaak van die pamflette wat oor die vak opgestel is. Daar was verder gebrek aan n goeie kaart van Transvaal en n goeie handboek²⁾.

Geskiedenis.

Synge se geskiedenisboekie is deur die meeste onderwysers gebruik. Daar is egter nog n groot behoefte aan n handboek oor die Suid-Afrikaanse geskiedenis³⁾.

Natuurstudie.

Die meeste onderwysers gee voor dat hulle die vak onderrig, en daarby bly dit. Daar was min gedoen, terwyl dames gewoonlik die beste vaar en die vak beskou as plantkunde⁴⁾.

Tekene.

In die dorpskool is die vak goed onderwys. Alles hang af van die bekwaamheid van die onderwysers wat gewerf word. Die meeste leerkragte was glad nie bevoegd om eers by benadering die voorskrifte van die leerplan uit te voer nie⁵⁾.

Sang.

Daar is voortgegaan met die vorige goeie werk⁶⁾.

Liggaamsoefening.

Die ouers was nog steeds teen die onderrig van die vak gekant⁷⁾.

Houtwerk.

Die vak het op feitlik al die skole doodgeloop⁸⁾.

-
1. T.E.D.: Report for the year ended 30th June, 1907, 63.
 2. Ibid., 1908, 83.
 3. Idem.
 4. Ibid., 1907, 63
 5. Ibid. 1907, 64.
 6. Ibid., 1908, 84.
 7. Idem.
 8. Idem.

b. Inspeksies deur J.P.Botha, 1908 - 1910.

(1) Verandering in die inspektoraat.

Aangesien die aantal inspekteurs uitgebrei is na 14, was daar ook 'n herindeling van kringe. Mnr. Corbett het diens in die sentraal-westelike kring oorge- neem, en mnr. J.P.Botha het vanaf 1 Februarie 1908 diens aanvaar in die suidwestelike kring, wat voort- aan sou bestaan uit Lichtenburg, Bloemhof en Wolmarans- stad¹⁾. Die Wolmaransstadse Skoolraad het saamgeval met die grense van die kiesafdeling en het die ooste- like en noordelike dele van die magistraatsdistrik ge- dek. Die dorpe Schweizer-Reneke en Wolmaransstad het onder die skoolraad geressorteer met 'n totaal van 24 skole, waarvan 19 in laasgenoemde se gebied gelê het.

(2) Peil van die onderwys.

Sekondêre afdelings is ingestel by die groter dorpskole. Op Wolmaransstad is reeds teen 1910 'n begin gemaak met hierdie klasse²⁾. Die inspekteur was baie tevrede met die resultate wat deur hierdie skool behaal is, aangesien 63.6% van die kandidate aan die einde van die eerste jaar in die Skoolverla- tingseksamen geslaag het. In 'n paar gevalle het kleiner skole ook 'n poging aangewend om onderwys bo st.5 te gee en in baie gevalle met die nodige sukses. Die regulasie dat hierdie tipe skole nie werk bo st.4 mag onderneem nie, kon nie streng toegepas word nie, omdat dit die voortbestaan van genoemde skole nadelig sou raak. Hoewel ondoeltreffendheid 'n eienskap van die meeste kleiner skole was, tog was die inspekteur

1. T.E.D.: Report for the year ended 30th June, 1908, 78.

2. Ibid., 1910, 113.

se bevinding dat daar n paar eenmanskole was waarvan die werk gunstig vergelyk het met die van groter inrigtings¹⁾.

(3) Onderrig in die skoolvakke.

Rekenkunde.

Onderwysers het moeilikheid ondervind om die werk wat volgens die nuwe leerplan voorgeskryf was, af te handel. Waar pogings aangewend is om die hele leerplan te dek, het dit dikwels op n fiasko uitgeloop. Plaasskoolonderwysers het in die meeste gevalle alleen n gedeelte van die werk aangepak en dit deeglik probeer doen. Die nodige kontinuïteit in die werk het gevolglik ontbreek²⁾.

Engels lees.

n Gebrek aan spreeklesse is deurgaans ondervind. Dit het die lees nadelig getref, want wanneer die st.l-kind sy leesboek ontvang, was sy oor nog nie eers gewoon aan vreemde klanke en sy tong ook nie aan die uitspreek van die woorde nie. Swak uitspraak en onintelligente lees is die onvermydelike resultaat³⁾.

Hollands lees.

Hierdie afdeling van die werk was baie beter, wat begryplik is, aangesien 98% van die leerlinge se moedertaal Hollands is en die spelling ook veel meer foneties is. Woorde se betekenis word nie genoegsaam deur die onderwyser verduidelik nie, met die gevolg dat wanbegrippe by dié kind geskep word. n Leerling het byvoorbeeld verklaar dat die betekenis van die woord "kok" uit die leesles beteken "een hoenderhaan"⁴⁾.

-
1. T.E.D.: Report for the year ended June, 1910, 113.
 2. Idem.
 3. Ibid., 114.
 4. Idem.

Resitasies.

Volgens die oordeel van die inspekteur word daar geen onderrig gegee wat die moeite werd is nie. Die onintelligente wyse waarop die gedigte opgesê word, het hom dikwels in die versoeking gestel om die klas te beëindig, omdat dit slordige spraak in die hand werk¹⁾.

Opstel.

In die meeste skole het die inspekteur dit as die swakste vak aangetref. Engelse opstelle was in die reël beter as Hollandse insoverre dit die grammatika aangaan. Die verklaring sien hy daarin dat die geskrewe woord in Engels nie verskil van die gesproke woord nie en die onderwyser kan hom doelbewus daarop toelê om die taal in mondelinge lesse korrek te gebruik en ook daarop te let dat antwoorde op vrae grammatikaal juis is. Met Hollands is die geval dat die kind een vorm van die taal praat en n ander vorm skryf. Hierdie euwel kan uitgeskakel word as onderwysers n poging sou aanwend om die juiste vorm van die taal te gebruik veral in Bybel-, Aardrykskunde- en Geskiedenislesse²⁾.

Natuurstudie.

In heelparty skole is n besondere goeie begin gemaak met die werk in hierdie vak. Die groot probleem bly steeds dat baie onderwysers nie die nodige kennis van die vak dra nie. Dikwels word die opvatting aangetref dat as die grond nie geskik is vir tuinbou nie, die vak nie onderrig te hoof word nie³⁾.

1. T.E.D.: Report for the year ended June, 1910, 114.

2. Idem.

3. Ibid., 115.

Geskiedenis.

Die vak word by die meeste skole betreklik goed onderwys. Die gebrek aan n geskikte handboek is bevredigend uitgeskakel¹⁾.

Aardrykskunde.

Onvoldoende tyd word aan die vak bestee, met die gevolg dat die werk swak is. In baie skole is daar ook nog n gebrek aan goeie kaarte wat n vereiste is vir die doeltreffende onderrig van die vak²⁾.

Bybelse Geskiedenis.

Dit was aangenaam om te meld dat die resultate wat behaal word, baie bevredigend is. Al die krediet hiervoor kan egter nie aan die skool alleen gegee word nie, aangesien die ouers tuis en ook die Sondagskool baie aan die saak doen³⁾.

7. Geboue en uitrusting.

Gedurende die jare 1906 - 1910 is daar aansienlike vordering gemaak ten opsigte van verskaffing van geboue en uitrusting. Die dorpskool was teen hierdie tyd reeds baie goed gehuisves, en op die plase is gedurende 1907 verskeie doeltreffende geboue opgerig, waaronder spesiaal genoem word Baviaanskrans en Zendelingsfontein. Tog was daar nog baie geboue met te min ruimte, nat vloere wat sleg geruik het; baie geboue was donker en sonder plafonne⁴⁾. Dit het moeilik gegaan om die nodige grond te verkry vir die oprigting van geboue, aangesien daar soms tot 40 eienaars van n onverdeelde

-
1. T.E.D.: Report for the year ended June, 1910, 115.
 2. Idem.
 3. Idem.
 4. Ibid., 1907, 62.

plaas was. Slegs hier en daar was n goedgesinde boer wat n skool laat bou het en aan die goewerment verhuur. Verplaasbare geboue wat opgerig word, was nog nie genoeg om die tekort aan te vul nie.

Die uitrusting by die meeste skole is in 1907 deur inspekteur Corbett as bevredigend beskou. Die grootste leemte het nog voorgekom by die voorsiening van swak skryfborde, en die inspekteur het die skryfbord as n belangrike leermiddel beskou. Leesboeke in albei tale was moeilik verkrygbaar, en veral die Hollandse boeke was baie duur. Onderwysers het dit moeilik gevind om huiswerkboeke netjies te hou, omdat die ouers tuis bladsye uitgeskeur het om self op te skryf¹⁾. Baie van die goeie onderwysers was van oordeel dat die ouers verantwoordelik moes wees vir die koop van leesboeke, leie, oefeningboeke en potlode ten einde beter kontrole oor die artikels te kon uitoefen, daar hulle ook huis toe geneem moes word vir huiswerk²⁾. Inspekteur Botha het in 1909 nuwe geboue aanbeveel op die volgende plekke: Wolvenspruit, Witpoort, Rietvallei (indien nie na Witpoort gesentraliseer nie), Vliegengkraal en Kliprif³⁾. Onder die dringendste geboue wat in 1910 opgerig moes word, noem hy die te Makwassie, Rooipoort (indien nie na Wolmaransstad gesentraliseer nie) en Stroomdrift⁴⁾.

Die meubels was oor die algemeen in ooreenstemming met die toestand van die gebou. Volgens die inspekteur was dit nie ongewoon dat hy in die klaskamer sonder n stoel moes klaarkom nie of dat die stoel so lendelam was dat jy jou ewewig nie daarop kon bewaar

1.T.E.D.:Report for the year ended June, 1907, 60.

2.Ibid., 1908, 81.

3.Ibid., 1909, 84.

4.Ibid., 1910, 112.

nie. Soms was daar ook nie n tafel vir die onderwyser nie en moes een van die kinders sy bank vir die inspekteur afstaan as hy iets moes neerskryf¹⁾.

Koshuise is in die kring opgerig, onder andere ook op Wolmaransstad. Dit het die goeie uitwerking gehad dat die inskrywing van die sekondêre afdeling van die skool gegroei het van 11 tot 34. Hierin sien die inspekteur n praktiese bewys van die korrektheid van die aanbeveling in sy vorige rapport dat die effektiefste metode van sentralisasie sou wees om koshuise, verbonde aan die sentrale skool, op te rig²⁾.

8. Uitbreiding van skole.

a. Statistiek, 1906 - 1910.

Die volgende tabel toon naas die van vorige jare ook die personeel wat by die bestaande skole werksaam was gedurende die tydperk 1906 - 1910³⁾.

(Kyk op bladsy 120 - 122 vir tabel.)

Volgens die tabel is die volgende skole opgerig:-

- (1) Tot Junie 1907: Bezuidenhoutskraal, Kliprif, Rietvallei, Welverdiend en Zoutpan.
- (2) Tot Junie 1908: Leeuwdoorns, Rietkuil, Stroomdrift en Vliegenkraal.
- (3) Tot Junie 1909: Kliprif (heropen), Uitkyk (heropen), Karreefontein, Diepkuil, Doorndam en Katboschfontein.
- (4) Tot Junie 1910: De Put, Klipfontein 45, Palmietfontein, Rooipoort (heropen) en Wildebeestkantoor.

1. T.E.D.: Report for the year ended June, 1909, 84.

2. Ibid., 1910, 113.

3. Ibid., 1907, 225; 1908, 217-219; 1909, 261-263; 1910, 347-349.

Tabel aantonnende skole opgerig en gesluit gedurende 1906-1910, gemiddelde inskrywing en personeel.

Skool	Gemiddelde Inskrywing				Gemiddelde Skoolbesoek				Personeel	Opmerkings
	1907	1908	1909	1910	1907	1908	1909	1910		
Baviaanskrans	28	37	29	24	20	29	23	21	W.H.Pilkington	1907
Bezuidenhoutskraal	39	48	37	39	35	41	33	21	J.C.Theunissen	1908-1910
Brandewynskuil	32	24	37	--	19	19	--	--	J.F.de Wet	1907-1910-Open 1907
									J.L.M.van Wyk	1907
Cyferfontein	12	--	--	--	10	--	--	--	J.F.van Wyk	1910
									E.Bart	1907
De Put	--	--	--	27	--	--	--	24	H.P.Coetzee	1908-Sluit 28.2.1909 Sluit Maart 1907
Diepkuil	--	--	20	26	--	--	19	23	E.Keyzer	1910-Open 6.10.1909
Doorndam	--	--	25	21	--	--	22	18	W.J.Jooste	1909-Open 3.3.1909
Kareeboschkuil	15	15	19	--	8	11	14	--	D.Brink	1910
Karreefontein	--	--	37	28	--	--	34	24	E.G.Kleyn	1909-1910.Open 27.10.1908.
									F.E.Morgen	1907
Katboschfontein	--	--	16	18	--	--	14	17	J.F.Krogh	1908-Sluit 31.3.1910
									J.P.Swemmer	1909-Open 1.2.1909
Kliprif	23	--	36	33	22	--	31	28	C.C.Britz	1910
									J.F.de Witt	1910
Klipfontein 45	--	--	--	24	--	--	--	21	J.J.Marsh	1908-1909.Open 2.11.1908
									A.F.C.Roscher	1910
Klipfontein 49	23	24	22	33	18	20	19	20	B.J.Papenfus	1907-Sluit 16.4.1908
Leeuwdoorns	--	24	32	35	--	20	25	28	R.S.van der Walt	1908-1910-Heropen 21.7.1908
									Mej.H.D.v.Heerden	1908
									G.D.van der Merwe	1910
									W.J.Viljoen	1909-1910.Open 9.8.1909
									Mej.K.M.Kirstein	1907-1910
									Rev. K.Higgings	1908-Open 14.10.1908
									J.Füssl	1909-1910

120

(Tabel vervolg).

Skool	Gemiddelde Inskrywing				Gemiddelde Skoolbesoek				Personeel	Opmerkings.
	1907	1908	1909	1910	1907	1908	1909	1910.		
Leeufontein	23	30	--	--	20	26	--	--	Mev.M.E.Lombard D.van Bart	1907 1908-Sluit 30.11.1908
Palmietfontein	--	--	--	37	--	--	--	30	P.M.Engelbrecht	1909-1910-Open 11.10.1909
Rietkuil	--	34	29	37	--	28	26	34	G.J.Bosman P.J.Loxton	1908-Open 1.6.1908 1909-1910
Rietvallei	--	28	41	39	--	28	34	39	C.G.van Niekerk B.J.Coetzee Mej.H.J.Odendaal	1910 1908-Open 1907 1909
Rooipoort	24	31	--	25	20	26	--	23	O.A.L.Meyer Mev.M.H.Füssl	1910 1910
Stroomdrift	--	31	28	24	--	29	23	20	D.F.Bierman A.S.Roscher	1907-1908-Sluit 22.2.1909 1909-1910-Heropen 28.7.1909
Uitkyk	21	9	24	24	16	7	22	22	E.J.Johnson J.C. Roscher	1908-1909-Open 29.10.1907 1910
Vliegenkraal	--	24	34	27	--	21	27	22	P.B.de Bruyn Mej.H.van Zyl	1907-1908 1909-1910
Welverdiend	16	19	19	25	14	17	16	22	Mev.M.H.Füssl A.H.Lubbe	1908-Open 11.7.1907 1909-1910
Wilbeestkantoor	--	--	--	40	--	--	--	34	W.Wessels O.A.L.Meyer	1907-Open 1907 1908-1909
Witpoort	40	39	51	62	29	30	46	51	J.Haupt J.L. Brink Mej.H.D.v.Heerden	1910 1910-Heropen 6.10.1909 1910
									O.A.L.Meyer Mej.J.Strickland W.H.Pilkington	1907 1907-1908 1908-1910

(Tabel vervolg).

Skool.	Gemiddelde Inskrywing. Gemiddelde Skoolbesoek.								Personeel.	Opmerkings.
	1907	1908	1909	1910	1907	1908	1909	1910.		
Wolmaransstad	74	101	98	107	65	89	89	99	L.H.Lee, J. Bruyn W. de Greeff Mej. G. Hoole C.A. Winter, A. du Toit	1907-1909. 1907-1908. 1907-1910 1910.
Wolvenspruit	22	35	47	51	15	29	38	42	Mev. E.A. Grey	1907-1910.
Zendelingsfontein	35	32	37	38	29	28	31	30	H.W. Kingston Mej. E. J. Erasmus	1907-1910. 1907.
Zoutpan	32	--	--	--	29	--	--	--	W.T. Heughman	1907-Open Des. 1906 sluit 1907.
Totale	459	585	718	844	369	498	586	713	J.N. Smit	1907-1910-Supplementêr, nie aan bepaalde skool verbonde nie.

b. Inskrywing en skoolbesoek.

Die gemiddelde skoolbesoek vir 1907 was 76%, terwyl dit in 1902, 1903 en 1904 86% was. Die rede wat die ouers aangee, is dat daar nie kaffers op die plaas is om die werk te doen nie; die kinders is tuis nodig. Die vernaamste rede egter vind die inspekteur in die algemene onverskilligheid teenoor die onderwys asook die feit dat die ouers meen dat onder n stelsel van selfregering die skole veilig is en dit dus nie saak maak hoe laag die skoolbesoek daal nie¹⁾.

Die inspekteur was van oordeel dat die afskaffing van die pos distrikshoofonderwyser die skoolbesoek nadelig beïnvloed het. Volgens sy gegewens was net maar twee-derdes van die skoolgaande kinders op skool. Vervoer en beurse was ook nie n sukses nie, omdat diegene wat nie van die dienste gebruik kon maak nie, gewoonlik gegriefd was en dan hulle kinders uit die skool geneem het²⁾.

In Junie 1908 meld die Direkteur van Onderwys dat die aanwas van leerlinge vir die besondere jaar 7,000 was, waarvan hy meen dat 1,000 van die C.N.O.-skole oorgekom het sedert Junie 1907. Hy beskou die groei as besonder bemoedigend as in aanmerking geneem word dat die skoolgaande kinders in 1903 23,077 was teenoor die totaal van 42,321 in Junie 1908. In die Wolmaransstadse distrik was die stand

1. T.E.D.: Report for the year ended June, 1907, 60.
2. Idem.

van skole soos volg:-

	<u>1906.</u>	<u>1907.</u>	<u>1908.</u>	<u>1909.</u>	<u>1910.</u>
<u>Aantal skole.</u>	15	16	18	20	24
<u>Inskrywing.</u>	459	459	585	718	884
<u>Skoolbesoek.</u>	374	369	498	586	713

Die sluiting van die C.N.O.-skool op die dorp in 1907 het die inskrywing van die betrokke staat-skool laat styg tot 101. Die rede vir die groei soek die Direkteur daarin dat die nuwe wet geen steurende klousules bevat het nie en vir albei die bevolkingsgroepe aanneemlik was. Die kinders wat na die oorlog gebore is, het nou skoolgaande ouderdom bereik, en die ouers was volgens hom tevrede met die staatsonderwysstelsel¹⁾.

Die gunstige styging in die inskrywing gedurende die jaar Julie 1909 - Junie 1910 skryf inspekteur Botha toe aan die vermeerdering van die aantal skole maar ook wel aan die voorsiening van vervoer en losies-beurse. Dit het ten gevolg gehad dat elf eenmanskole gedurende die jaar so gegroei het dat 'n tweede leer-krag op die personeel aangestel kon word²⁾. Hoewel daar hierdie verblydende groei was, was daar nogtans baie kinders glad nie op skool nie weens die groot afstande asook weens die feit dat die distrik yl bevolk was. Die skoolbesoek was 86%; en as in aanmerking geneem word dat die gewone faktore wat nadelig inwerk op goeie skoolbesoek, soos onder andere ploegtyd, oestyd, oorvol spruite in die reënseisoen en die onwilligheid aan die kant van sommige ouers, nog maar steeds 'n rol gespeel het, kan hierdie persentasie as besonder gunstig beskou word³⁾.

1. T.E.D.: Report for the year ended June, 1908, 2-3.
2. Ibid., 1910, 111.
3. Idem.

9. Samevatting.

Teen 1910, met Unifikasie, het die neutrale staatskool ten volle posgevat, aangesien die meeste hindernisse op hierdie stadium uit die weg geruim was en daar nou geleentheid was vir die onderwys om te ontwikkel.

Die Direkteur van Onderwys noem in sy rapport van 1910 die volgende belangrike sake:-

a. Taal: Alle kinders in openbare skole het in albei tale onderrig ontvang, hoewel hy nog nie tevrede was met die standaard van tweetaligheid wat bereik is nie. Onderwysers het dikwels nog nie oor die bekwaamheid beskik om albei tale deeglik te onderrig nie. Hierdie moeilikheid sou voortaan opgelos kon word deur die beskikbare leerkragte beter te verdeel ten einde te verseker dat alle skole persone sou hê om die werk behoorlik te doen¹⁾.

b. Godsdiensonderrig: Daar word geen moeilikheid ondervind om die klousules van die nuwe Onderwyswet rakende godsdiensonderrig in werking te stel nie. Die praktyk het getoon dat onderwys religieus en gelyktydig ook nie-dogmaties kan wees²⁾.

c. Sentralisasie: Die sentralisasiegedagte met 'n sentrale skool as opvoedkundige organisasie het ruimskoots wortel geskiet en is besig om vinnig uit te brei³⁾.

d. Algemene toestand: "There is a forward movement, though it is and must be gradual; there is progress, though it is and must be slow"⁴⁾.

1. T.E.D.: Report for the year ended June, 1910, 62. Notule Wolmaransstadse Skoolraad, 5 Aug. 1908: Toespraak van Direkteur.
2. T.E.D.: Report for the year ended June, 1910, 55.
3. Ibid., 20. Notule Wolmaransstadse Skoolraad, 5 Aug. 1908: Toespraak van Direkteur.
4. T.E.D.: Report for the year ended June, 1910, 67.